- (b) represents himself to be a person who is or has been entitled to wear or use any such decoration, medal, bar, clasp or ribbon; and
- (c) is not a person to whom such decoration, medal, bar, clasp or ribbon has been awarded or who has been authorized by competent authority to wear or use such decoration, medal, bar, clasp or ribbon,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

42. Any person who—

- (a) wears any uniform or distinctive badge or button of the Prisons Service, or anything so closely resembling any such uniform, badge or button as to be calculated to deceive; and
- (b) is not a member of the Prisons Service entitled by reason of his appointment, rank or designation to wear such uniform, badge or button; or
- (c) has not been granted permission by the Commissioner to wear such uniform, badge or button,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months.

43. Any person who—

- (a) aids any prisoner in escaping or attempting to escape from any prison; or
- (b) for the purpose of facilitating the escape of any prisoner, supplies or agrees or attempts to supply or aids, incites or encourages any other person in

38. Behoudens die bepalings van artikel *ses-en-estig*, word iemand wat kragtens die een of ander wetsbepaling tot gewoontemisdadiger verklaar is, in 'n gevangenis aangehou vir so lank dit die Goewerneur-generaal behaag: Met dien verstande dat iemand wat 'n onbepaalde vonnis opgelê is omdat hy sedert die inwerkingtreeding van hierdie Wet aldus tot gewoontemisdadiger verklaar is, in 'n gevangenis aangehou word vir 'n tydperk van minstens nege jaar.

39. Iemand wat kragtens die een of ander wetsbepaling gevonnisd is tot—

- (a) periodieke gevangenisstraf, word periodiek in 'n gevangenis aangehou op die by regulasie voorgeskrewe wyse;
- (b) gevangenisstraf vir korrektiewe opleiding, word in 'n gevangenis aangehou vir 'n tydperk van minstens twee jaar maar hoogstens vier jaar, wat deur die Minister bepaal word nadat 'n gevangenisraad 'n aanbeveling gedoen het;
- (c) gevangenisstraf ter voorkoming van misdaad, word in 'n gevangenis aangehou vir 'n tydperk van minstens vyf jaar maar hoogstens agt jaar, wat deur die Minister bepaal word nadat 'n gevangenisraad 'n aanbeveling gedoen het.

40. Iemand wat ingevolge die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar is 'n ledige persoon te wees en beveel is om in 'n boerderykolonie aangehou te word, word aldaar aangehou vir die tydperk wat die naturellekommissaris of landdros beveel het tensy hy voor die verstryking van bedoelde tydperk op aanbeveling van 'n gevangenisraad vrygelaat word.

HOOFSTUK IV.

Strawwe vir Sekere Bepaalde Misdrywe en Belonings vir die Hergevangeneming van Ontvlugte Gevangenes.

(1) *Strawwe vir bepaalde misdrywe.*

41. Iemand wat—

- (a) 'n kragtens hierdie Wet ingestelde, daargestelde of ingevoerde dekorasie of medalje of die onderskeidende balk, gespe of lint daarvan dra of gebruik; of
- (b) hom voordoen as 'n persoon wat geregtig is of was om so 'n dekorasie, medalje, balk, gespe of lint te dra of te gebruik; en
- (c) nie 'n persoon is aan wie so 'n dekorasie, medalje, balk, gespe of lint toegeken is of wat deur 'n bevoegde gesag gemagtig is om so 'n dekorasie, medalje, balk, gespe of lint te dra of te gebruik nie,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

42. Iemand wat—

- (a) 'n uniform of onderskeidende wapen of knoop van die Gevangenisdiens dra, of iets wat soveel na so 'n uniform, wapen of knoop lyk dat dit bereken is om te mislei; en
- (b) nie 'n lid van die Gevangenisdiens is wat uit hoofde van sy aanstelling, rang of ampsnaam geregtig is om so 'n uniform, wapen of knoop te dra nie; of
- (c) geen vergunning deur die Kommissaris verleen is om so 'n uniform, wapen of knoop te dra nie,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

43. Iemand wat—

- (a) 'n gevangene by sy ontvlugting of poging tot ontvlugting uit 'n gevangenis behulpsaam is; of
- (b) vir die doel om die ontvlugting van 'n gevangene te vergemaklik, 'n masker, kledingstuk, vermomming of enige ander artikel, werktuig, saak of

supplying a prisoner with any mask, dress disguise or any other article, instrument, matter or thing; or

- (c) conveys or causes to be conveyed into or out of any prison or any place where prisoners may come to work, any letter or token encouraging or inciting any prisoner to escape or to contravene a regulation or showing a desire to aid any prisoner to escape or to contravene any regulation; or
- (d) harbours or conceals or assists in harbouring or concealing an escaped prisoner,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding five years.

44. Any person who —

- (a) is found loitering on any prison reserve or on any prison property or within one hundred yards of any prison or any other place where prisoners may be for the purpose of imprisonment or labour or within one hundred yards of any burial referred to in paragraph (b) of sub-section (4) of section *thirty-five* and who fails to depart therefrom upon being warned so to do by any member of the Prisons Service or of the South African Police Force; or
- (b) without lawful authority holds or attempts to hold any communication with any prisoner; or
- (c) wilfully rides, drives, or leads any animal or vehicle through any group of prisoners outside a prison; or
- (d) in any manner wilfully interferes with any prisoner or group of prisoners; or
- (e) without the authority in writing of the Commissioner—
 - (i) sketches or photographs any prison, portion of a prison, prisoner or group of prisoners, whether within or outside any prison, or any burial referred to in paragraph (b) of sub-section (4) of section *thirty-five*; or
 - (ii) causes any sketch or photograph of any prison, portion of a prison, prisoner or group of prisoners or of any burial referred to in paragraph (b) of sub-section (4) of section *thirty-five* to be published in any manner; or
- (f) publishes any false information concerning the behaviour or experience in prison of any prisoner or ex-prisoner or concerning the administration of any prison, knowing the same to be false, or without taking reasonable steps to verify such information (the onus of proving that reasonable steps were taken to verify such information being upon the accused),

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year or to such imprisonment without the option of a fine, and the court convicting any person of an offence under sub-paragraph (i) of paragraph (e) may, if it thinks fit, declare the sketches or photographs and the negatives from which such photographs were taken to be forfeited to the State.

45. No money or other consideration shall, on any pretext whatsoever, be payable, paid, given or promised by or on behalf of any prisoner, either on his entrance into, commitment to, continuance in or discharge from any prison, to any member of the Prisons Service or other person in the service of the Prisons Department and any member of the Prisons Service or other person in the service of the Prisons Department receiving or demanding any such money or other consideration, or undertaking any service in consideration of receiving or the promise of any such money or other consideration, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment.

voorwerp aan 'n gevangene voorsien of instem of poog om hom daarvan te voorsien of iemand anders daartoe help, aanhits of aanmoedig; of

- (c) 'n brief of teken waarin of waardeur 'n gevangene aangemoedig of aangehits word om te ontvlug of om 'n regulasie te oortree, of waarin of waardeur 'n verlange geopenbaar word om 'n gevangene by sy ontvlugting of by die oortreding van 'n regulasie behulpsaam te wees, in of uit 'n gevangenis of 'n plek waar gevangenes vir die verrigting van werk mag kom, bring of laat bring; of
- (d) 'n ontvlugte gevangene herberg of versteek of help herberg of versteek,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

44. Iemand wat—

- (a) op enige gevangenissterrein of op enige gevangensciendom of binne honderd tree van 'n gevangenis of enige ander plek waar gevangenes is vir die doeleindes van gevangensetting of arbeid of binne honderd tree van 'n in paragraaf (b) van sub-artikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* bedoelde begrafnis, slenter en wat versuim om daarvandaan te vertrek wanneer hy deur 'n lid van die Gevangensidiens of van die Suid-Afrikaanse Polisiemag daartoe gemaan word; of
- (b) sonder wettige magtiging enige gemeenskap met 'n gevangene hou of probeer hou; of
- (c) opsetlik 'n dier of voertuig deur 'n groep gevangenes buite 'n gevangenis ry, bestuur of lei; of
- (d) op enige manier hom opsetlik met 'n gevangene of groep gevangenes bemoei; of
- (e) sonder die skriftelike magtiging van die Kommissaris—
 - (i) 'n gevangenis, gedeelte van 'n gevangenis, gevangene of groep gevangenes, hetsy binne of buite 'n gevangenis, of 'n in paragraaf (b) van sub-artikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* bedoelde begrafnis, skets of fotografeer; of
 - (ii) 'n skets of foto van 'n gevangenis, gedeelte van 'n gevangenis, gevangene of groep gevangenes of van 'n in paragraaf (b) van sub-artikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* bedoelde begrafnis op enige wyse laat publiseer; of
- (f) enige vals inligting aangaande die gedrag of ervarings van 'n gevangene of oud-gevangene in 'n gevangenis of aangaande die bestuur van 'n gevangenis publiseer wetende dat dit vals is of sonder om redelike stappe te doen om seker te maak dat daardie inligting juis is (die bewyslas om te bewys dat redelike stappe gedoen is om seker te maak dat daardie inligting juis is, berus by die beskuldigde),

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, en die hof wat iemand aan 'n misdryf kragtens sub-paragraaf (i) van paragraaf (e) skuldig bevind, kan, na goeddunke, die sketse of foto's en die negatiewe waarvan bedoelde foto's geneem is aan die Staat verbeurd verklaar.

45. Geen geld of ander beloning, onder welke voorwendsel ook al, is betaalbaar, of mag betaal, gegee of beloof word deur of namens 'n gevangene, hetsy by sy opneming in, verwysing na, gedurende sy verblyf in, of by sy ontslag uit, 'n gevangenis aan 'n lid van die Gevangensidiens of ander persoon in die diens van die Departement van Gevangenisreëls en 'n lid van die Gevangensidiens of ander persoon in die diens van die Departement van Gevangenisreëls wat sodanige geld of ander beloning ontvang of eis, of 'n diens onderneem as teenprestatie vir die ontvangs of die belofte van sodanige geld of ander beloning, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

46. (1) No member of the Prisons Service and no person acting for or employed by him shall —

- (a) sell or supply or receive, directly or indirectly, any benefit or advantage from the sale or supply of any article to or for the use of any prisoner or for the use of the Prisons Department; or
- (b) directly or indirectly, have any interest in any contract or agreement for the sale or supply of any such article.

(2) No member of the Prisons Service shall, directly or indirectly—

- (a) have any pecuniary interest in the purchase of any supplies for the use of the Prisons Department or receive any discounts, gifts or other consideration from contractors for or sellers of such supplies; or
- (b) have any pecuniary dealing with prisoners or with their friends with regard to them; or
- (c) on behalf of any prisoner, hold any unauthorized communication with any person.

(3) Any person who contravenes any provision of this section shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding one hundred pounds, or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment.

47. (a) Any person who, without lawful authority—

- (i) supplies, conveys or causes to be supplied or conveyed, to any prisoner, or hides or places for his use any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article; or
- (ii) brings or attempts in any manner whatever to introduce into any prison, or places or attempts to place where prisoners shall labour, any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article to be sold or used therein; or
- (iii) brings or attempts to bring out of any prison, or conveys from any prisoner any letter, document or other article, and

(b) any member of the Prisons Service or other person in the service of the Prisons Department who, without lawful authority—

- (i) allows any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article to be supplied or conveyed to any prisoner or to be hidden or placed for his use; or
- (ii) allows any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article intended to be sold or used therein to be brought or conveyed into a prison or to be placed where prisoners shall labour; or
- (iii) allows any letter, document or other article to be brought out of any prison or to be conveyed from any prisoner; or

(iv) enters into or attempts to enter into any business transaction with a prisoner; and

(c) any prisoner who, without lawful authority—

- (i) receives, directly or indirectly, for his own use or on behalf of any other prisoner or person any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article; or
- (ii) enters into or attempts to enter into any business transaction with any member of the Prisons Service or any other person in the service of the Prisons Department; or

46. (1) Geen lid van die Gevangenisdiens en geen persoon wat namens hom optree of by hom in diens is, mag—

- (a) enige artikel aan of vir die gebruik van 'n gevangene of vir die gebruik van die Departement van Gevangenisverkoop of verskaf nie, of direk of indirek enige wins of voordeel uit die verkoop of verskaffing daarvan ontvang nie; of
- (b) direk of indirek enige belang in enige kontrak of ooreenkoms vir die verkoop of verskaffing van so 'n artikel hê nie.

(2) Geen lid van die Gevangenisdiens mag direk of indirek—

- (a) enige geldelike belang hê by die aankoop van enige voorraade vir die gebruik van die Departement van Gevangenisverkoop, of enige kortings, geskenke of ander beloning van leweransiers of verkopers van sodanige voorraade ontvang nie; of
- (b) enige geldelike verkeer met gevangenes of, met betrekking tot hulle, met hulle vriende hê nie; of
- (c) namens 'n gevangene enige ongemagtigde gemeenskap met iemand hou nie.

(3) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigebevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

47. (a) Iemand wat sonder wettige magtiging—

- (i) aan 'n gevangene enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel verskaf of oorbring of laat verskaf of oorbring of dit versteek of plaas vir sy gebruik; of
- (ii) enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel in 'n gevangenis inbring of op enige wyse hoegenaamd poog om dit in te bring of dit plaas of poog om dit te plaas waar gevangenes sal werk, om daarin verkoop of gebruik te word; of
- (iii) 'n brief, dokument of ander artikel uit 'n gevangenis uitbring of probeer uitbring, of van 'n gevangene meeneem; en

(b) 'n lid van die Gevangenisdiens of ander persoon in die diens van die Departement van Gevangenisverkoop wat sonder wettige magtiging—

- (i) toelaat dat enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel aan 'n gevangene verskaf of oorgebring word of vir sy gebruik versteek of geplaas word; of
- (ii) toelaat dat enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel in 'n gevangenis ingebring word of geplaas word waar gevangenes sal werk, om daarin verkoop of gebruik te word; of
- (iii) toelaat dat 'n brief, dokument of ander artikel uit 'n gevangenis uitgebring of van 'n gevangene meegeneem word; of
- (iv) met 'n gevangene 'n besigheidstransaksie aangaan of poog om dit te doen; en

(c) 'n gevangene wat sonder wettige magtiging—

- (i) direk of indirek, vir sy eie gebruik of ten behoeve van 'n ander gevangene of persoon, enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel ontvang; of
- (ii) met 'n lid van die Gevangenisdiens of 'n ander persoon in die diens van die Departement van Gevangenisverkoop enige besigheidstransaksie aangaan of poog om dit te doen; of

- (iii) arranges, or attempts to arrange, with any member of the Prisons Service or any other person for any letter, document, intoxicating liquor, tobacco, dagga, drug, opiate, money, clothing, provisions or any other article to be sent or passed into any prison for his use or on his behalf; or
- (iv) directly or indirectly gives or sends or attempts to give or send or promises to give or send, any money or any other article to any member of the Prisons Service or any other person in the service of the Prisons Department as a reward for any service rendered or to be rendered to him or on his behalf within or outside any prison; or
- (v) hands or attempts to hand to any member of the Prisons Service or any other person any letter, document or other article for the purpose of being hidden or placed by such member or person for eventual use by or delivery to any other prisoner or person,

- (iii) met 'n lid van die Gevangenisdiens of 'n ander persoon reël of probeer reël dat enige brief, dokument, sterk drank, tabak, dagga, bedwelmende middel, slaapmiddel, geld, klere, lewensmiddele of enige ander artikel vir sy gebruik of ten behoeve van hom in 'n gevangenis ingestuur of ingelaat word; of
- (iv) direk of indirek geld of enige ander artikel aan 'n lid van die Gevangenisdiens of enige ander persoon wat in die diens van die Departement van Gevangenisreëls is, gee of stuur, of probeer gee of stuur of belowe om dit te gee of stuur, as beloning vir enige diens aan hom of ten behoeve van hom gelewer of gelewer te word binne of buite 'n gevangenis; of
- (v) aan 'n lid van die Gevangenisdiens of 'n ander persoon 'n brief, dokument of ander artikel oorhandig of probeer oorhandig met die doel dat dit deur daardie lid of persoon versteek of geplaas word vir uiteindelijke gebruik deur of lewering aan 'n ander gevangene of persoon,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding two hundred pounds or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding two years, or to such imprisonment without the option of a fine, or to both such fine and such imprisonment.

48. (1) Any prisoner who—

- (a) escapes or conspires with any person to procure the escape of any prisoner, or who assists or incites any other prisoner to escape from the prison in which he is placed, or from any post or place where or wherein he may be for the purpose of labour or detention, or from hospital, or while in course of removal in custody from one place to another; or
- (b) makes any attempt to escape from custody; or
- (c) is in possession of any instrument or other thing with intent to procure his own escape or that of another prisoner,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding five years, and, in addition, where the escape or attempt to escape was accompanied by any act of violence, such prisoner may be sentenced to undergo corporal punishment not exceeding ten strokes.

(2) Any sentence of imprisonment imposed under sub-section (1) shall commence after the expiry of any sentence the prisoner was then undergoing, but subject to the provisions of the provisos to sub-section (2) of section *thirty-two*.

(3) Nothing in this section contained shall be construed as exempting the prisoner from prosecution or punishment for any offence under the common law or the provisions of this Act or any other law.

(ii) *Rewards for apprehension of escaped prisoners.*

49. (1) The Commissioner may offer monetary rewards to persons who give information leading to the tracing and apprehension of any prisoner who has escaped from custody.

(2) Any person who gives such information or who apprehends, secures and hands over or causes to be handed over to any member of the Prisons Service or of the South African Police Force any such prisoner, and has incurred any expense in connection with the giving of such information or such apprehension, securing or handing over, may be paid his just and reasonable expenses and in addition such sum as a reward as the Commissioner may determine.

(3) No payment of any sum as a reward shall be made under the authority of this section to any member of the Prisons Service or of the South African Police Force, unless, in the opinion of the Minister, such exceptional circumstances exist as to justify such payment being made.

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd pond of, by wanbetaling, met gevangenisstraf van hoogstens twee jaar, of met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

48. (1) 'n Gevangene wat—

- (a) ontvlug of met iemand saamspan om die ontvlugting van 'n gevangene te bewerkstellig of wat 'n ander gevangene help of aanhits om te ontvlug uit die gevangenis waarin hy geplaas is of uit 'n pos of plek waar of waarin hy mag wees vir die doel van arbeid of aanhouding, of uit 'n hospitaal, of terwyl hy in bewaring van een plek na 'n ander oorgebring word; of
- (b) 'n poging aanwend om uit bewaring te ontsnap; of
- (c) in besit is van 'n werktuig of ander voorwerp met die doel om sy eie ontvlugting of dié van 'n ander gevangene te bewerkstellig,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar en daarbenewens, waar die ontvlugting of poging tot ontvlugting gepaard gegaan het met geweldpleging, kan sodanige gevangene gevonnissen word om lyfstraf van hoogstens tien houe te ondergaan.

(2) 'n Vonnis van gevangenisstraf wat kragtens sub-artikel (1) opgelê word, neem 'n aanvang na die verstryking van enige vonnis wat die gevangene toe besig was om te ondergaan, maar onderworpe aan die bepalinge van die voorbehoudsbepalings by sub-artikel (2) van artikel *twee-en-dertig*.

(3) Die bepalinge van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit die gevangene teen vervolging of straf weens enige misdryf ingevolge die gemenerereg of die bepalinge van hierdie Wet of enige ander wet vrywaar nie.

(ii) *Beloning vir gevangeneneming van ontvlugte gevangenes.*

49. (1) Die Kommissaris kan geldelike belonings uitloof aan persone wat inligting verstrek wat lei tot die opsporing en gevangeneneming van 'n gevangene wat uit bewaring ontvlug het.

(2) Aan iemand wat sodanige inligting verstrek of wat so 'n gevangene gevange neem, aanhou en oorhandig of laat oorhandig aan 'n lid van die Gevangenisdiens of van die Suid-Afrikaanse Polisiemag en wat enige uitgawes aangegaan het in verband met die verstrekking van sodanige inligting of bedoelde gevangeneneming, aanhouding of oorhandiging, kan sy billike en redelike uitgawes vergoed word en daarbenewens so 'n bedrag as 'n beloning betaal word as wat die Kommissaris bepaal.

(3) Geen betaling van enige bedrag as 'n beloning mag uit hoofde van hierdie artikel aan 'n lid van die Gevangenisdiens of van die Suid-Afrikaanse Polisiemag gedoen word nie tensy, volgens die oordeel van die Minister, sodanige buitengewone omstandighede bestaan as wat die doen van so 'n betaling regverdig.

CHAPTER V.

Trial of Offences under this Act.(i) *Trial by magistrates.*

50. (1) A magistrate shall have jurisdiction to try at a prison or at a place designated by the Commissioner for the purpose, any member of the Prisons Service or special warder for any alleged contravention of or failure to comply with any provision of this Act, whether such contravention or non-compliance is alleged to have taken place within or outside a prison.

(2) A magistrate shall, upon conviction of such member or special warder in respect of any such contravention or non-compliance, have jurisdiction, except where a penalty has been specifically prescribed by this Act, to impose a fine not exceeding fifty pounds or, in default of payment, imprisonment for a period not exceeding six months, or such imprisonment without the option of a fine, or both such fine and such imprisonment.

51. (1) A magistrate shall have jurisdiction to try at a prison or at a place designated by the Commissioner for the purpose, any prisoner for any alleged contravention of or failure to comply with any provision of this Act, whether such contravention or non-compliance is alleged to have taken place within or outside a prison.

(2) A magistrate shall, upon conviction of such prisoner in respect of any such contravention or non-compliance, have jurisdiction to impose any penalty specifically prescribed by this Act or any punishment which any commissioned officer might lawfully have imposed under sub-section (2) of section *fifty-four*, and shall have special jurisdiction to sentence the offender in lieu of or in addition to any such punishment —

- (a) to undergo imprisonment for a period not exceeding six months; or
- (b) to be kept in solitary confinement in an isolation cell with or without light labour for a period not exceeding forty-two days, twenty-eight days of which may be ordered to be passed on reduced diet: Provided that no continuous period passed on reduced diet shall exceed fourteen days, and that at least fourteen days shall elapse between one period passed on reduced diet and another such period.

52. Anything to the contrary notwithstanding in any law relating to magistrate's courts, a magistrate shall have jurisdiction to try any offence under this Act and to impose any penalty prescribed by this Act.

(ii) *Trial by commissioned officers.*

53. (1) Subject to the provisions of sub-sections (3) and (8), a commissioned officer shall have jurisdiction to try at a prison or at a place designated by the Commissioner for the purpose, any member of the Prisons Service (except a commissioned officer) or any special warder for any alleged contravention of or failure to comply with any provisions of this Act (except any alleged contravention or non-compliance which is expressly declared to be an offence under this Act), whether such contravention or non-compliance is alleged to have taken place within or outside a prison.

(2) Subject to the provisions of sub-section (8), a commissioned officer shall, upon conviction of such member or special warder in respect of any such contravention or non-compliance, have jurisdiction to reprimand him or to impose a fine not exceeding fifteen pounds, which fine may be re-covered by deduction from his accrued or future pay in such instalments as may be determined by the Commissioner.

(3) Any such member of the Prisons Service or special warder who is alleged to have contravened or failed to comply with any provision of this Act, may be tried by the commissioned officer under whose command that member or special warder is, or by any commissioned officer deputed generally or specially thereto by the Commissioner.

HOOFSTUK V.

Verhoor van Misdrywe Ingevolge hierdie Wet.(i) *Verhoor deur landdroste.*

50. (1) 'n Landdros het die regsbevoegdheid om by 'n gevangenis of by 'n plek wat deur die Kommissaris vir dié doel aangewys word, 'n lid van die Gevangenisdiens of 'n spesiale bewaarder te verhoor weens 'n beweerde oortreding van of versuim om te voldoen aan die een of ander bepaling van hierdie Wet, hetsy bedoelde oortreding of versuim na bewering binne of buite 'n gevangenis plaasgevind het.

(2) By skuldigbevinding van so 'n lid of spesiale bewaarder ten opsigte van so 'n oortreding of versuim, het 'n landdros die regsbevoegdheid om, behalwe waar 'n straf uitdruklik deur hierdie Wet voorgeskryf word, 'n boete van hoogstens vyftig pond of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, op te lê.

51. (1) 'n Landdros het die regsbevoegdheid om by 'n gevangenis of by 'n plek wat deur die Kommissaris vir dié doel aangewys word, 'n gevangene te verhoor weens 'n beweerde oortreding van, of versuim om te voldoen aan die een of ander bepaling van hierdie Wet, hetsy bedoelde oortreding of versuim na bewering binne of buite 'n gevangenis plaasgevind het.

(2) By skuldigbevinding van so 'n gevangene ten opsigte van so 'n oortreding of versuim het 'n landdros die regsbevoegdheid om 'n by hierdie Wet uitdruklik voorgeskrewe straf op te lê of 'n straf wat 'n offisier kragtens sub-artikel (2) van artikel *vier-en-vyftig* wetlik sou kon opgelê het, en het hy die spesiale regsbevoegdheid om in plaas van of benewens so 'n straf, die oortreder te vonnis om—

- (a) gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande te ondergaan; of
- (b) in alleenopsluiting in 'n isolasiesel met of sonder ligte arbeid gehou te word vir 'n tydperk van hoogstens twee-en-veertig dae, waarvan agt-en-twintig dae op bevel op verminderde rantsoen deurgebring kan word: Met dien verstande dat geen aaneenlopende tydperk deurgebring op verminderde rantsoen langer as veertien dae mag wees nie, en dat minstens veertien dae moet verloop tussen een tydperk deurgebring op verminderde rantsoen en 'n ander sodanige tydperk.

52. Ondanks andersluidende wetsbepalings met betrekking tot landdroshoue, het 'n landdros die regsbevoegdheid om enige misdryf ingevolge hierdie Wet te verhoor en om enige deur hierdie Wet voorgeskrewe straf op te lê.

(ii) *Verhoor deur offisiere.*

53. (1) Behoudens die bepalinge van sub-artikels (3) en (8), het 'n offisier die regsbevoegdheid om by 'n gevangenis of by 'n plek wat deur die Kommissaris vir dié doel aangewys word, 'n lid van die Gevangenisdiens (behalwe 'n offisier) of 'n spesiale bewaarder te verhoor weens 'n beweerde oortreding van of versuim om te voldoen aan die een of ander bepaling van hierdie Wet (behalwe 'n beweerde oortreding of versuim wat ingevolge hierdie Wet uitdruklik tot 'n misdryf verklaar is), hetsy bedoelde oortreding of versuim na bewering binne of buite 'n gevangenis plaasgevind het.

(2) Behoudens die bepalinge van sub-artikel (8), het 'n offisier by skuldigbevinding van so 'n lid of spesiale bewaarder ten opsigte van so 'n oortreding of versuim, die regsbevoegdheid om hom te berispe of om 'n boete van hoogstens vyftien pond op te lê, welke boete verhaal kan word deur aftrekking van sy opgeloopte of toekomstige soldy in sodanige paalemente as wat deur die Kommissaris bepaal word.

(3) So 'n lid van die Gevangenisdiens of spesiale bewaarder wat na bewering die een of ander bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om aan so 'n bepaling te voldoen, kan verhoor word deur die offisier onder wie se bevel daardie lid of spesiale bewaarder is, of deur 'n offisier wat in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig is deur die Kommissaris.

(4) The trial referred to in sub-section (1) shall be conducted in accordance with the provisions of section fifty-eight and the commissioned officer presiding over any such trial may summon witnesses to give evidence thereat and may administer an oath to or accept an affirmation from any such witness.

(5) Any such member or special warder who has been convicted by a commissioned officer may in the manner and within the period prescribed by regulation, appeal to the Commissioner against the conviction and sentence, and thereupon the Commissioner may confirm or quash the conviction and sentence or confirm or alter the conviction and set aside, increase, reduce or otherwise alter the sentence as he deems necessary in the interests of justice.

(6) In the event of an appeal under sub-section (5), the execution of the sentence imposed in respect of the conviction which is the subject of the appeal, shall be suspended pending the Commissioner's decision on the appeal.

(7) Whenever any such member or special warder has been convicted and sentenced under this section, the Commissioner may, if he thinks fit, direct that the record of the proceedings in the case be submitted to him for review, and may thereupon confirm or quash the conviction and sentence or confirm or alter the conviction and set aside, increase, reduce or otherwise alter the sentence as he deems necessary in the interests of justice.

(8) The Commissioner may, if he deems it necessary, restrict in respect of any commissioned officer the jurisdiction conferred on a commissioned officer by any provision of this Act.

54. (1) Any commissioned officer deputed generally or specially thereto by the Commissioner, shall have jurisdiction to try at a prison or at a place designated by the Commissioner for the purpose, any prisoner for any alleged contravention or failure to comply with any provision of any regulation, whether such contravention or non-compliance is alleged to have taken place within or outside a prison.

(2) Upon conviction of any prisoner in respect of any such contravention or non-compliance, such commissioned officer shall have jurisdiction to impose any one or more of the following punishments:

- (a) A reprimand;
- (b) the deprivation of all privileges, gratuities or indulgences for a period not exceeding one month;
- (c) the deprivation of one or more meals on any one day;
- (d) corporal punishment, not exceeding six strokes, if the prisoner is a convicted male prisoner apparently under the age of fifty years;
- (e) solitary confinement in an isolation cell with or without spare diet for a period not exceeding six days in all: Provided that if spare diet is ordered for more than three days, there shall be an intermission of one day upon full diet after the third day of spare diet;
- (f) solitary confinement in an isolation cell with or without light labour for a period not exceeding fifteen days, ten days of which may be ordered to be passed on reduced diet.

(3) The commissioned officer presiding over any trial such as referred to in sub-section (1) may summon witnesses to give evidence thereat and may administer an oath to or accept an affirmation from any such witness.

(4) Nothing in this section contained shall be construed as preventing the imposition by any member of the Prisons Service in charge of a prison of any such punishment as is mentioned in paragraph (a), (b) or (c) of sub-section (2) without a trial such as is referred to in sub-section (1), but in accordance with regulation.

(iii) *Boards of enquiry.*

55. (1) Whenever any commissioned officer who is charged with misconduct in the manner prescribed by regulation—

- (a) admits that he is guilty of the misconduct with which he is charged, the Governor-General may

(4) Die in sub-artikel (1) bedoelde verhoor word volgens voorskrif van artikel *agt-en-vyftig* gevoer, en die offisier wat by so 'n verhoor voorsit, kan getuies dagvaar om aldaar getuie af te lê en kan van so 'n getuie 'n eed afneem of 'n bevestiging aanneem.

(5) So 'n lid of spesiale bewaarder wat deur 'n offisier skuldig bevind is, kan, op die wyse en binne die tydperk by regulasie voorgeskryf, teen die skuldigbevinding en vonnis na die Kommissaris appeleer, en daarop kan die Kommissaris die skuldigbevinding en vonnis bekrachtig of tersyde stel of die skuldigbevinding bekrachtig of wysig en die vonnis tersyde stel, verhoog, versag of andersins wysig soos hy in die belang van die geregtigheid nodig mag ag.

(6) In geval van 'n appèl ingevolge sub-artikel (5), word die uitvoering van die vonnis opgelê ten opsigte van die skuldigbevinding wat die onderwerp van die appèl uitmaak, opgeskort in afwagting van die Kommissaris se beslissing oor die appèl.

(7) Wanneer so 'n lid of spesiale bewaarder kragtens hierdie artikel skuldig bevind en gevonnisd is, kan die Kommissaris, as hy dit goedvind, gelas dat die notule van die verrigtinge in die saak aan hom vir hersiening voorgelê word, en daarop kan hy die skuldigbevinding en vonnis bekrachtig of tersyde stel of die skuldigbevinding bekrachtig of wysig en die vonnis tersyde stel, verhoog, versag of dit andersins wysig soos hy in belang van die geregtigheid nodig mag ag.

(8) Die Kommissaris kan, as hy dit nodig ag, ten opsigte van enige offisier die by enige bepaling van hierdie Wet aan 'n offisier verleende regsbevoegdheid beperk.

54. (1) 'n Offisier wat in die algemeen of spesiaal daartoe gemagtig is deur die Kommissaris, het die regsbevoegdheid om by 'n gevangenis of by 'n plek wat deur die Kommissaris vir dié doel aangewys word, 'n gevangene te verhoor weens 'n beweerde oortreding van of versuim om te voldoen aan die een of ander bepaling van 'n regulasie, hetsy bedoelde oortreding of versuim na bewering binne of buite 'n gevangenis plaasgevind het.

(2) By skuldigbevinding van 'n gevangene ten opsigte van so 'n oortreding of versuim het so 'n offisier die regsbevoegdheid om een of meer van die volgende strawwe op te lê:

- (a) 'n Berisping;
- (b) die ontneming van alle voorregte, gratifikasies of vergunnings vir 'n tydperk van hoogstens een maand;
- (c) die ontneming van een of meer maaltye op enige één dag;
- (d) lyfstraf van hoogstens ses houe, indien die oortreder 'n veroordeelde manlike gevangene oënskynlik onder die ouderdom van vyftig jaar is;
- (e) alleenopsluiting in 'n isolasiesel met of sonder skraal rantsoen vir 'n tydperk van hoogstens ses dae altesaam: Met dien verstande dat indien skraal rantsoen vir meer as drie dae beveel word, daar na die derde dag op skraal rantsoen 'n onderbreking van een dag op vol rantsoen moet wees;
- (f) alleenopsluiting in 'n isolasiesel met of sonder ligte arbeid vir 'n tydperk van hoogstens vyftien dae, waarvan tien dae op bevel op verminderde rantsoen deurgebring kan word.

(3) Die offisier wat by 'n in sub-artikel (1) bedoelde verhoor voorsit, kan getuies dagvaar om aldaar getuie af te lê en kan van so 'n getuie 'n eed afneem of 'n bevestiging aanneem.

(4) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit 'n lid van die Gevangenisdiens aan die hoof van 'n gevangenis verhoed om 'n in paragraaf (a), (b) of (c) van subartikel (2) genoemde straf sonder 'n in sub-artikel (1) bedoelde verhoor, maar ooreenkomstig die regulasies, op te lê nie.

(iii) *Rade van ondersoek.*

55. (1) Wanneer 'n offisier wat op die by regulasie voorgeskrywe wyse weens wangedrag aangekla word—

- (a) beken dat hy aan die wangedrag waarvan hy aangekla word, skuldig is, kan die Goewerneur-gene-

take any of the steps provided for in sub-section (2) of section *four*;

- (b) denies that he is guilty of the misconduct with which he is charged, the Governor-General may appoint three or more fit and proper persons (at least one of whom shall be a commissioned officer) to constitute a board of enquiry for the investigation of the charge.

(2) Any person appointed under paragraph (b) of sub-section (1), who is in the service of the State, shall, if practicable, be a person in receipt of emoluments higher than the emoluments of the commissioned officer charged.

(3) The board of enquiry may summon any person as a witness, administer an oath to or accept an affirmation from any person so summoned, and investigate the charge in question in such manner as may be prescribed by regulation.

(4) At the investigation of any charge in terms of this section the law as to the admissibility of evidence and the competency and compellability of witnesses as applicable in connection with criminal proceedings in a magistrate's court, shall, with the exception of the provisions of the first proviso to sub-section (1) of section *two hundred and forty-four* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), be observed.

(5) Where a commissioned officer is charged with misconduct which constitutes an offence in respect of which he has been convicted by a court of law, a certified copy of the record of the trial in question shall, on its mere production by any person, be admissible in evidence before the board of enquiry investigating the charge, and a certified copy of the charge and conviction in question shall, on its mere production by any person to such board, be *prima facie* proof of the commission of such offence by such officer.

(6) The board of enquiry shall in writing report its finding and submit a recommendation to the Governor-General, who may direct that no further action be taken in the matter or take any of the steps provided for in sub-section (2) of section *four*.

(7) For the purposes of this section "misconduct" means—

- (a) any contravention of or failure to comply with any provision of this Act; or
(b) the commission of any other offence.

(iv) *Review of sentences.*

56. (1) The record of the trial of every case in which a sentence of corporal punishment is imposed in terms of sub-section (2) of section *fifty-one* or *fifty-four* or in which any period of imprisonment of more than three months or a fine of more than fifty pounds is imposed in terms of sub-section (2) of section *fifty* or *fifty-one* shall, within seven days of the sentence, be transmitted to the registrar of the division of the Supreme Court having jurisdiction to review criminal cases tried before the magistrate of the district in which the prison or place where the trial took place is situated.

(2) The registrar shall, as soon as practicable, lay the record of the trial before a judge of the said division, and such judge may, upon consideration thereof, confirm, set aside, alter or reduce the sentence or correct the proceedings as justice may require.

(3) No sentence, other than a sentence imposing corporal punishment, shall be suspended pending the decision of the said judge.

(4) No appeal shall lie against any conviction or sentence imposed under the provisions of section *fifty-four*.

(v) *General.*

57. (1) Any person summoned as a witness at a trial under sections *fifty*, *fifty-one*, *fifty-three* or *fifty-four* or at an enquiry or investigation under section *thirteen* or *fifty-five* to give evidence or to produce any document or thing which in criminal proceedings in a magistrate's court he could be compelled to produce, and who fails to attend such trial or such enquiry or investigation or to

raal enige van die in sub-artikel (2) van artikel *vier* bepaalde stappe doen;

- (b) ontken dat hy aan die wangedrag waarvan hy aangekla word, skuldig is, kan die Goewerneur-generaal drie of meer geskikte persone (van wie ten minste een 'n offisier moet wees) aanstel om 'n raad van ondersoek vir die ondersoek van die aanklag uit te maak.

(2) 'n Kragtens paragraaf (b) van sub-artikel (1) aangestelde persoon wat in diens van die Staat is, moet, indien doenlik, iemand wees wie se besoldiging hoër is as die besoldiging van die aangeklaagde offisier.

(3) Die raad van ondersoek kan enige persoon as 'n getuie dagvaar, van 'n aldus gedagvaarde persoon 'n eed afneem of 'n bevestiging aanneem, en die betrokke aanklag op die by regulasie voorgeskrewe wyse ondersoek.

(4) By die ondersoek van 'n aanklag ingevolge hierdie artikel word die wetsbepalings betreffende die toelaatbaarheid van getuieis en die bevoegdheid en verpligbaarheid van getuies soos van toepassing in verband met strafsake in 'n landdroshof, met uitsondering van die bepaling van die eerste voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1) van artikel *tweehonderd-vier-en-veertig* van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), nagekom.

(5) Waar 'n offisier aangekla word weens wangedrag wat 'n misdryf uitmaak ten opsigte waarvan hy deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gesertifiseerde afskrif van die notule van die betrokke verhoor, by blote voorlegging daarvan deur enige persoon, as getuieis toelaatbaar voor die raad van ondersoek wat die aanklag ondersoek, en is 'n gesertifiseerde afskrif van die betrokke aanklag en skuldigbevinding by blote voorlegging daarvan aan die raad deur enige persoon *prima facie*-bewys dat die betrokke offisier bedoelde misdryf gepleeg het.

(6) Die raad van ondersoek moet skriftelik sy bevinding rapporteer en 'n aanbeveling voorlê aan die Goewerneur-generaal, wat kan gelas dat geen verdere stappe in verband met die saak gedoen word nie of enige van die in sub-artikel (2) van artikel *vier* bepaalde stappe kan doen.

(7) By die toepassing van hierdie artikel beteken „wangedrag”—

- (a) 'n oortreding van of versuim om te voldoen aan 'n bepaling van hierdie Wet; of
(b) die pleeg van enige ander misdryf.

(iv) *Hersiening van vonnisse.*

56. (1) Die notule van die verhoor van elke saak waarin 'n vonnis van lyfstraf ingevolge sub-artikel (2) van artikel *een-en-veertig* of *vier-en-veertig* opgelê word of waarin 'n tydperk van gevangenisstraf van meer as drie maande of 'n boete van meer as vyftig pond ingevolge sub-artikel (2) van artikel *vyftig* of *een-en-veertig* opgelê word, word binne sewe dae na die vonnis deurgestuur na die griffier van die afdeling van die Hooggereshof wat die regsbevoegdheid het om strafsake te hersien wat verhoor is voor die landdros van die distrik waarin die gevangenis of plek waar die verhoor plaasgevind het, geleë is.

(2) Die griffier lê so gou doenlik die notule van die verhoor aan 'n regter van bedoelde afdeling voor, en die regter kan, na oorweging daarvan, die vonnis bekragtig, tersyde stel, wysig of versag of die verrigtinge verbeter na vereiste van die geregtigheid.

(3) Geen vonnis, behalwe 'n vonnis wat lyfstraf opelê, word in afwagting van die beslissing van bedoelde regter opgeskort nie.

(4) Teen 'n skuldigbevinding of vonnis opgelê ingevolge die bepaling van artikel *vier-en-veertig* kan nie geappelleer word nie.

(v) *Algemeen.*

57. (1) Iemand wat gedagvaar is as 'n getuie by 'n verhoor ingevolge artikel *vyftig*, *een-en-veertig*, *drie-en-veertig* of *vier-en-veertig* of by 'n ondersoek ingevolge artikel *dertien* of *vyf-en-veertig* om getuieis af te lê of om 'n dokument of 'n ding voor te lê wat hy in 'n strafsak in 'n landdroshof verplig kan word om voor te lê, en wat versuim om daardie verhoor of daardie ondersoek by

produce such document or thing or to answer any question lawfully put to him thereat, shall be guilty of an offence and liable on conviction before a magistrate's court to such penalty as he would have been liable to if he had failed upon lawful summons to attend any trial at the magistrate's court of the district in which the trial or enquiry or investigation is held, or being a witness at a trial before a magistrate's court, had refused to answer any question lawfully put to him thereat.

(2) If at any such trial or enquiry or investigation any witness makes any false statement under oath knowing the same to be false, he shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed by law for the crime of perjury.

58. (1) Save as is provided in sub-sections (2) and (3), the proceedings at any trial under this Act at a prison or at a place designated by the Commissioner for the trial of any offence or other contravention shall be in the manner and form, as nearly as practicable, as in summary proceedings in a magistrate's court at the hearing and determination of criminal cases.

(2) No person shall be permitted to attend any court held at a prison or at a place so designated for the trial of any offence or other contravention, unless he is a witness summoned to attend the trial thereat or is specially authorized to attend by the commissioned officer or magistrate presiding over that court, or has received a special authority to attend from the Commissioner: Provided that the accused shall in all cases at any hearing be entitled to have present, and to be represented by, his legal adviser.

(1) of section *sixteen*, sub-section (2) of section *nineteen* and section *twenty*) to the Commissioner.

(2) The Commissioner may delegate any of the powers vested in him by this Act to any member of the Prisons Service or other person employed in the Prisons Department.

(3) The Commissioner may delegate any of the powers delegated to him under sub-section (1), to the Deputy-Commissioner of Prisons.

94. (1) The Governor-General may make regulations, not inconsistent with this Act, as to—

- (a) the duties and powers of members of the Prisons Service;
- (b) the mode of appointment, the conditions of service, the rates of pay, the retention of rank on retirement, the supply of uniforms, the prohibition of the disposal of any article of kit or equipment, the occupation of official quarters and the conduct of members of the Prisons Service including special warders, and the rates of remuneration or allowances, if any, payable to ministers of religion appointed under section *seven*;
- (c) the general government and management of prisons, the maintenance of good order and discipline therein, and the acts or omissions which shall be deemed to be offences against discipline;
- (d) the functions and duties of prison boards, quorum and procedure at meetings and the form of reports of such boards;
- (e) the mode of supplying food and the scales of diet and the quantity of clothing and necessaries for prisoners;
- (f) the safe custody of prisoners when at labour or otherwise, including the taking of such steps as the medical officer may think necessary for the preservation of the health of prisoners;
- (g) the receipt and safe custody by members of the Prisons Service at prisons of money, valuables, or other articles belonging to any prisoner, and the conditions and circumstances under which payment, deposit, or delivery of such money, valuables, or other articles shall be made during the period of detention of any prisoner;
- (h) the introduction into or conveyance out of any prison of any food, drink, bedding, clothing, books, newspapers, letters, documents or any other articles;
- (i) the searching of prisoners and of non-commissioned members of the Prisons Service and of special warders and of all quarters and other places within any prison occupied or frequented by such members and special warders and the seizure and examination of any letter or communication addressed to or received by any such member or special warder;
- (j) the confiscation or destruction of all articles illicitly introduced into any prison or found in or near any prison and of all clothing belonging to prisoners which by reason of its condition or for any other valid cause it is undesirable to keep;
- (k) the admission to any prison of any persons other than members of the Prisons Service, special warders and persons who are or may be detained therein;
- (l) the right to petition for and the procedure for obtaining mitigation or remission of sentence or the conditional release of prisoners, the grant of remission of sentence in particular classes of cases, the obtaining and recording of information regarding the behaviour of prisoners on discharge and their re-employment, and the supply of money,

tikel *sestien*, sub-artikel (2) van artikel *negentien* en artikel *twintig*) aan hom verleen, aan die Kommissaris deleger.

(2) Die Kommissaris kan enige van die bevoegdhede by hierdie Wet aan hom verleen, aan enige lid van die Gevangenisdiens of ander persoon wat in die Departement van Gevangenis in diens is, deleger.

(3) Die Kommissaris kan enige van die bevoegdhede kragtens sub-artikel (1) aan hom gedelegeer, aan die Adjunk-kommissaris van Gevangenis deleger.

94. (1) Die Goewerneur-generaal kan regulasies wat nie met hierdie Wet teenstrydig is nie, uitvaardig betreffende—

- (a) die pligte en bevoegdhede van lede van die Gevangenisdiens;
- (b) die wyse van aanstelling, die diensvoorwaardes, die soldyskale, die behoud van rang na aftrede, die verskaffing van uniforms, die verbod op die beskikking oor enige uniform- of uitrustingsstuk, die bewoning van amptelike wonings en die gedrag van lede van die Gevangenisdiens met inbegrip van spesiale bewaarders, en die skale van besoldiging of toelaes, indien enige, betaalbaar aan predikante aangestel ingevolge artikel *sewe*;
- (c) die algemene beheer en bestuur van gevangenis, die handhawing van die goeie orde en tug daarin, en die dade of versuime wat as misdrywe teen die tug geag word;
- (d) die werksaamhede en pligte van gevangenisrade, kworum en prosedure by vergaderings en die vorm van verslae van sodanige rade;
- (e) die wyse van verskaffing van voedsel en die rantsoenskale en die hoeveelheid klere en benodigdhede vir gevangenes;
- (f) die veilige bewaring van gevangenes tydens die verrigting van arbeid of andersins, met inbegrip van die doen van sodanige stappe as wat die geneeskundige beampte nodig mag ag vir die handhawing van die gesondheid van gevangenes;
- (g) die ontvangs en veilige bewaring deur lede van die Gevangenisdiens by gevangenis van geld, kosbaarhede of ander artikels behorende aan 'n gevangene en die voorwaardes en omstandighede waaronder betaling, inbewaringneming, of afgifte van sodanige geld, kosbaarhede of ander artikels gedurende die tydperk van die aanhouding van 'n gevangene moet geskied;
- (h) die inbring in of die uitneem uit 'n gevangenis van voedsel, drank, beddegoed, klere, boeke, koerante, briewe, dokumente of enige ander artikels;
- (i) die visentering van gevangenes en van lede van die Gevangenisdiens wat nie offisiere is nie en van spesiale bewaarders en van alle wonings en ander plekke binne 'n gevangenis wat deur sodanige lede en spesiale bewaarders bewoon of dikwels besoek word en die in beslag neem en ondersoek van enige brief of skrywe geadresseer aan of ontvang deur so 'n lid of spesiale bewaarder;
- (j) die verbeurdverklaring of vernietiging van alle artikels wat wederregtelik in 'n gevangenis ingebring word of wat in of naby 'n gevangenis geïntroduseer word en van alle kledingstukke wat aan gevangenes behoort en wat dit weens die toestand daarvan of om enige ander geldige rede, onwenslik is om te bewaar;
- (k) die toelating tot 'n gevangenis van ander persone as lede van die Gevangenisdiens, spesiale bewaarders en persone wat daarin aangehou word of mag word;
- (l) die reg om aansoek te doen om en die prosedure vir die verkryging van versagting of afslag of kwytskelding van vonnis of die voorwaardelike vrylating van gevangenes, die verlening van afslag of kwytskelding van vonnis in bepaalde klasse van gevalle, die verkryging en optekening van gegewens omtrent die gedrag van gevangenes by hul ontslag en hul herindiensneming, en die verskaf-

- food, clothing, or means of travelling, to prisoners on their discharge;
- (m) the days and hours during which work or labour by prisoners may be suspended;
- (n) the medical examination, measuring, photographing, and taking of finger-print impressions or other records of persons confined in any prison or otherwise detained in custody, including detailed personal statistics and histories, and the requisition of full and truthful answers to all questions put to such persons with the object of obtaining such statistics and histories;
- (o) the provision and equipment of the necessary workshops for the training of prisoners and the supply of any plant, tools or material, necessary for that purpose;
- (p) the manner in which sentences of imprisonment, spare diet, corporal punishment, solitary confinement, or any other sentences are to be carried out;
- (q) the application of approved means of mechanical restraint to any prisoner under sentence of death or in the course of removal or while temporarily outside the precincts of a prison;
- (r) the release of persons serving sentences of imprisonment;
- (s) the treatment of persons condemned to death; and the disposal of the bodies of prisoners who have died in prison;
- (t) the disposal by sale or otherwise of the effects of any prisoner who has escaped, died, or failed to claim or receive such effects, or of the private effects of any member of the Prisons Service or special warder who has deserted the service, and the payment into the Consolidated Revenue Fund of any proceeds of any such sale to the extent of any debt owing to the State;
- (u) the temporary detention of any sick prisoner whose sentence has expired but whose discharge or release is certified by the medical officer to be likely to result in his death or in serious injury to his health or to be a source of infection to others;
- (v) the care and maintenance of indigents or destitute persons or any other persons temporarily received into a prison;
- (w) the subsidizing and encouragement of institutions, societies, and individuals approved by the Minister as furthering the objects of this Act;
- (x) the charging of commissioned officers with misconduct and the procedure at investigations by boards of enquiry into charges of misconduct against such officers;
- (y) the attendance of witnesses at trials or enquiries or investigations by commissioned officers and boards of enquiry under this Act and the payment of witness fees and travelling expenses;
- (z) appeals in terms of this Act;
- (aa) the payment of monetary compensation to prisoners whose earning capacity is affected as a result of an accident or injury received in prison;
- (bb) all matters which under this Act are required or permitted to be prescribed by regulation; and
- (cc) generally all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the purposes of this Act may be achieved;
- fing van geld, voedsel, klere, of reisgeleentheid aan gevangenes by hul ontslag;
- (m) die dae en ure gedurende welke werk of arbeid deur gevangenes opgeskort mag word;
- (n) die geneeskundige ondersoek, meet, fotografeer en neem van vingerafdrukke of ander gegewens van persone wat in 'n gevangenis opgesluit of andersins in bewaring aangehou word, met inbegrip van omstandige persoonlike statistieke en geskiedenis, en die verkryging van volledige en ware antwoorde op alle vrae wat aan sodanige persone gestel word met die doel om sodanige statistieke en geskiedenis te bekom;
- (o) die voorsiening en toerusting van die nodige werkwinkels vir die opleiding van gevangenes en die verskaffing van enige masjinerie, gereedskap of materiaal wat vir daardie doel nodig is;
- (p) die wyse waarop vonnisse van gevangenisstraf, skraal, rantsoen, lyfstraf, alleenopsluiting of enige ander vonnisse uitgevoer moet word;
- (q) die toepassing van goedgekeurde dwangmiddels op 'n gevangene onder 'n doodvonnis of in die loop van oorplasing of terwyl hy tydelik buite die mure van 'n gevangenis is;
- (r) die vrylating van persone wat vonnisse van gevangenisstraf uitdien;
- (s) die behandeling van persone wat ter dood veroordeel is; en die beskikking oor die lyke van gevangenes wat in 'n gevangenis gesterf het ;
- (t) die beskikking deur verkoop of andersins oor die besittings van 'n gevangene wat ontvlug of gesterf het of versuim het om sodanige besittings op te eis of in ontvangs te neem, of oor die private besittings van 'n lid van die Gevangenisdiens of spesiale bewaarder wat uit die diens gedros het, en die stort in die Gekonsolideerde Inkomstefonds van die opbrengs van so 'n verkoping tot die bedrag van enige skuld aan die Staat verskuldig;
- (u) die tydelike aanhouding van 'n siek gevangene wie se vonnis verstryk het maar wie se ontslag of vrylating, blykens 'n sertifikaat van die geneeskundige beamppte, waarskynlik sy dood of ernstige benadeling van sy gesondheid tot gevolg sal hê of 'n bron van besmetting van ander persone sal wees;
- (v) die versorging en onderhoud van armes of behoeftige persone of enige ander persone wat tydelik in 'n gevangenis opgeneem word;
- (w) die subsidiëring en aanmoediging van inrigtings, verenigings en persone wat volgens die oordeel van die Minister die oogmerke van hierdie Wet bevorder;
- (x) die aankla van offisiere van wangedrag en die prosedure by ondersoeke deur rade van ondersoek van aanklagtes van wangedrag teen sodanige offisiere;
- (y) die bywoning deur getuies van verhore of ondersoeke deur offisiere en rade van ondersoek kragtens hierdie Wet en die betaling van getuiegeld en reiskoste;
- (z) appèlle ingevolge hierdie Wet;
- (aa) die betaling van geldelike vergoeding aan gevangenes wie se vermoë om loon te verdien geaffekteer is as gevolg van 'n ongeluk of besering in 'n gevangenis opgedoen;
- (bb) alle aangeleenthede wat kragtens hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word; en
- (cc) in die algemeen alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf sodat die oogmerke van hierdie Wet verwesenlik kan word;

and such regulations may prescribe the powers of the Commissioner to issue Prisons Service orders which shall not be inconsistent with this Act and which shall be obeyed by all members of the Prisons Service and other

en sodanige regulasies kan die bevoegdhede van die Kommissaris voorskryf om Gevangenisdiensorders uit te reik wat nie met hierdie Wet teenstrydig mag wees nie en wat gehoorsaam moet word deur alle lede van die Gevangenisdiens en ander persone in die diens van die De-

persons in the service of the Prisons Department to whom such Prison Service Orders are applicable.

(2) Any such regulation may provide penalties for any contravention thereof or failure to comply therewith and different penalties in case of any second or subsequent contravention or non-compliance, but no such penalty shall exceed—

- (a) for a contravention or non-compliance by a member of the Prisons Service or a special warder, a fine of fifty pounds or, in default of payment, imprisonment for a period of six months, or such imprisonment without the option of a fine, or both such fine and such imprisonment;
- (b) for a contravention or non-compliance by a prisoner, any one of the penalties set out in sub-section (2) of section *fifty-one* and *fifty-four*;
- (c) for a contravention or non-compliance by any person other than a person referred to in paragraph (a) or (b), a fine of fifty pounds or, in default of payment, imprisonment for a period of six months.

(3) If, in the opinion of the Minister, any regulation is not suited to the circumstances of any particular prison, the Minister may apply in respect of that prison such modification of the regulation as he may think fit.

95. The laws mentioned in the Schedule to this Act are hereby repealed to the extent set out in the fourth column of that Schedule: Provided that notwithstanding the repeal of the said laws—

- (a) every person who immediately prior to the commencement of this Act held any office or post under any such law shall be deemed to have been appointed under this Act, and to hold the office or post corresponding with the first-mentioned office or post notwithstanding that the name thereof is altered by this Act;
- (b) every proclamation, regulation, rule, or order issued, made or given under any such law shall, in the area in which it was in force immediately prior to the commencement of this Act and so far as it is not inconsistent with the provisions thereof, continue in force until rescinded under this Act by the proper authority;
- (c) every convict prison, gaol, farm colony or other institution established under any provision of any such law shall be deemed to have been established as a prison under the corresponding provision of this Act, notwithstanding that the name thereof is altered by this Act.

96. The Governor-General may, by proclamation in the *Gazette* and subject to such conditions, modifications and exceptions as he may specify in such proclamation, apply the provisions of this Act to the Territory of South-West Africa including that portion of the said Territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the said Territory and also that portion of the said Territory known as the "Eastern Caprivi Zipfel" referred to in section *three* of the South-West Africa Amendment Act of 1951 (Act No. 55 of 1951).

97. (1) This Act shall be called the Prisons Act, 1959, and shall come into operation on a date to be fixed by the Governor-General by proclamation in the *Gazette*: Provided that the Governor-General may from time to time by proclamation in the *Gazette* bring into operation only such portions of this Act as he may specify in such proclamation.

(2) This Act or any portion thereof as may be specified in any proclamation issued in terms of sub-section (1) shall apply also to all sentences passed before the date on which this Act or the said portion thereof comes into operation.

partement van Gevangenis op wie sodanige Gevangenisdiensorders van toepassing is.

(2) So 'n regulasie kan strawwe bepaal vir 'n oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen en verskillende strawwe in geval van 'n tweede of verdere oortreding of versuim, maar geen sodanige straf mag—

- (a) vir 'n oortreding of versuim deur 'n lid van die Gevangenisdiens of 'n spesiale bewaarder, 'n boete van vyftig pond of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande of sodanige straf sonder die keuse van 'n boete of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf te bowe gaan nie;
- (b) vir 'n oortreding of versuim deur 'n gevangene, enige een van die in sub-artikel (2) van artikels *een-en-vyftig* en *vier-en-vyftig* vermelde strawwe te bowe gaan nie;
- (c) vir 'n oortreding of versuim deur 'n ander as 'n in paragraaf (a) of (b) bedoelde persoon, 'n boete van vyftig pond of, by wanbetaling, gevangenisstraf vir 'n tydperk van ses maande te bowe gaan nie.

(3) Wanneer volgens die oordeel van die Minister 'n regulasie nie by die omstandighede van 'n bepaalde gevangenis pas nie, kan die Minister ten opsigte van daardie gevangenis so 'n wysiging van die regulasie toepas as wat hy goedvind.

95. Die wette in die Bylae by hierdie Wet genoem, word, in die mate in die vierde kolom van daardie Bylae uiteengesit, hierby herroep: Met dien verstande dat ondanks die herroeping van bedoelde wette—

- (a) elke persoon wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet 'n betrekking of pos kragtens so 'n wet beklee het, geag word kragtens hierdie Wet aangestel te gewees het en om die betrekking of pos te beklee wat ooreenstem met eersbedoelde betrekking of pos nieteenstaande dat die naam daarvan deur hierdie Wet verander word;
- (b) elke proklamasie, regulasie, reël of order kragtens so 'n wet uitgereik, uitgevaardig of gegee, in die gebied waarin dit onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie Wet van krag was en vir sover dit nie met die bepalings van hierdie Wet teenstrydig is nie, van krag bly totdat dit kragtens hierdie Wet deur die bevoegde gesag herroep word;
- (c) elke bandietetrunk, tronk, boerderykolonie of ander inrigting kragtens 'n bepaling van so 'n wet ingestel, geag word as 'n gevangenis kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet ingestel te gewees het, nieteenstaande dat die naam daarvan deur hierdie Wet verander word.

96. Die Goewerneur-generaal kan by proklamasie in die *Staatskoerant* en onderworpe aan die voorwaardes, wysigings en uitsonderings wat hy in die proklamasie vermeld, die bepalings van hierdie Wet op die Gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van daardie gedeelte van genoemde Gebied bekend as die „Rehoboth Gebiet" soos in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van daardie Gebied omskryf en ook daardie gedeelte van genoemde Gebied bekend as die Oostelike Caprivi Zipfel waarna in artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), verwys word, van toepassing maak.

97. (1) Hierdie Wet heet die Wet op Gevangenis, 1959, en tree in werking op 'n datum wat deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal word: Met dien verstande dat die Goewerneur-generaal van tyd tot tyd by proklamasie in die *Staatskoerant* net sodanige gedeeltes van hierdie Wet in werking kan laat tree as wat hy in bedoelde proklamasie vermeld.

(2) Hierdie Wet of enige gedeelte daarvan wat vermeld word in 'n proklamasie wat ingevolge sub-artikel (1) uitgereik is, is ook van toepassing op alle vonnisgevel voor die datum waarop hierdie Wet of bedoelde gedeelte daarvan in werking tree.

SCHEDULE.
Laws Repealed.

Province or Territory	Number and Year of Law.	Short Title of Law	Extent of Repeal
Cape of Good Hope.	Act No. 24 of 1886.	Native Territories Penal Code.	Chapter VIII.
Union.	Act No. 13 of 1911.	Prisons and Reformatories Act, 1911.	The whole.
"	Act No. 46 of 1920.	Prisons and Reformatories Act Amendment Act, 1920.	The whole.
"	Act No. 38 of 1922.	Financial Adjustments Act, 1922.	Section <i>fourteen</i> .
"	Act No. 8 of 1924.	Prisons and Reformatories Act Further Amendment Act, 1924.	The whole.
"	Act No. 26 of 1935.	Prisons and Reformatories Amendment Act, 1935.	The whole.
"	Act No. 31 of 1937.	Childrens Act, 1937	Section <i>eighty-nine</i> .
"	Act No. 18 of 1953.	Prisons and Reformatories Amendment Act, 1953.	The whole.
"	Act No. 11 of 1955.	Prisons and Reformatories Amendment Act, 1955.	The whole.
"	Act No. 56 of 1955.	The Criminal Procedure Act 1955.	Section <i>three hundred and seventy-five</i>
"	Act No. 50 of 1956.	General Law Amendment Act, 1956.	Sections <i>nine and thirty</i> .
"	Act No. 4 of 1957.	Prisons and Reformatories Amendment Act, 1957.	The whole.

BYLAE.
Wette Herroep.

Provinsie of Gebied.	Nommer en Jaar van Wet	Kort Titel van Wet	In hoeverre herroep.
Kaap die Goeie Hoop.	Wet No. 24 van 1886.	"The Native Territories Penal Code."	Hoofstuk VIII.
Unie.	Wet No. 13 van 1911.	"De Wet op Gevangenis en Verbetergestichten 1911".	Die geheel.
"	Wet No. 46 van 1920.	"De Wet tot Wijziging van de Wet op Gevangenis en Verbetergestichten, 1920".	Die geheel.
"	Wet No. 38 van 1922.	"De Finansiële Regulings Wet, 1922".	Artikel <i>veertien</i> .
"	Wet No. 8 van 1924.	"De Wet op Gevangenis en Verbetergestichten Verdere Wijzigings Wet, 1924".	Die geheel.
"	Wet No. 26 van 1935.	Die Wysigingswet op Gevangenis en Verbetergestigte, 1935.	Die geheel.
"	Wet No. 31 van 1937.	Die Kinderwet, 1937.	Artikel <i>nege-en-tagtig</i> .
"	Wet No. 18 van 1953	Die Wysigingswet op Gevangenis en Verbeteringsgestigte, 1953.	Die geheel.
"	Wet No. 11 van 1955.	Die Wysigingswet op Gevangenis en Verbeteringsgestigte, 1955.	Die geheel.
"	Wet No. 56 van 1955.	Die Strafproseswet, 1955.	Artikel <i>driehonderd vyf-en-sewentig</i> .
"	Wet No. 50 van 1956.	Die Algemene Regswysigingswet, 1956.	Artikels <i>nege en dertig</i> .
"	Wet No. 4 van 1957.	Die Wysigingswet op Gevangenis en Verbeteringsgestigte, 1957.	Die geheel.

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 271, 1959 (Union).]

APPLICATION OF THE PROVISIONS OF THE PRISONS ACT, 1959 (ACT NO. 8 OF 1959), TO THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA.

Under the power vested in me by section *ninety-six* of the Prisons Act, 1959 (Act No. 8 of 1959), I do hereby declare that, subject to the conditions, modifications and exceptions as set out in the Schedule hereto, the provisions of the said Act shall apply to the Territory of South West Africa including that portion of the said territory known as the "Rehoboth Gebiet" and defined in the First Schedule to Proclamation No. 28 of 1923 of the

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID AFRIKA.

No. 271, 1959. (Unie)]

TOEPASSING VAN DIE WET OP GEVANGENISSE, 1959 (WET NO. 8 VAN 1959), OP DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *ses-en-negentig* van die Wet op Gevangenis, 1959 (Wet No. 8 van 1959), verklaar ek hierby dat die bepalings van genoemde Wet, met die voorwaardes, wysigings en uitsonderings soos in die Bylae hiervan uiteengesit, met ingang van die eerste dag van Desember 1959, van toepassing is op die Gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van daardie gedeelte van genoemde gebied, bekend as die

said territory and also that portion of the said territory known as the "Eastern Caprivi Zipfel" referred to in section *three* of the South West Africa Amendment Act of 1951 (Act No. 55 of 1951), with effect from the first day of December, 1959.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Eleventh day of November, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

C. R. SWART.

SCHEDULE.

CONDITIONS, MODIFICATIONS AND EXCEPTIONS
TO THE PRISONS ACT, 1959, (ACT NO. 8 OF 1959).

Unless the context otherwise indicates the following modifications shall apply:—

1. Any reference to "Commissioner" or "Deputy Commissioner" shall mean a reference to the Secretary or the Under Secretary for South West Africa respectively.

2. Any reference to "Prisons Department" or "Department" shall be construed as a reference to the Prison Branch of the Administration of South West Africa.

3. Any reference to "Governor-General", "Minister of Finance", "Secretary to the Treasury" or "Minister" shall be a reference to the Administrator of the Territory of South West Africa.

4. Section *three* shall be construed as if sub-sections (2) and (3) thereof have been deleted.

5. Sub-section (1) of section *four* shall be construed to read as follows:—

"4. (1) The Governor-General may from time to time appoint an officer to be styled Deputy Commissioner of Prisons, one or more commissioned officers to be styled Assistant Commissioners of Prisons and such other commissioned officers as he may deem necessary subject to the provisions of this Act."

6. Any reference to "Secretary for Health" shall mean a reference to the Director of Health Services of the Administration of South West Africa.

7. Any reference to the "Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945)" shall mean a reference to the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation No. 56 of 1951).

8. (a) Any reference to "Union" in section *twenty-five* and section *eighty-one* shall be construed as a reference to the Territory of South West Africa.

(b) Any reference to "Union" where it occurs for the first time in sub-section (2) of section *sixty-seven* shall be construed as a reference to the Territory of South West Africa and the sub-section shall further be construed as if the proviso has been deleted.

9. Any reference to the "Childrens Act, 1937 (Act No. 31 of 1937)" shall mean a reference to the Wives and Children and Maintenance Ordinance, 1927 (Ordinance No. 16 of 1927).

10. Section *thirty-five* shall be construed as if sub-section 4(a) has been deleted.

11. Any reference to the "Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955)" shall mean a reference to the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935 (Proclamation No. 30 of 1935).

„Rehoboth Gebiet", soos in die Eerste Bylae by Proklamasie No. 28 van 1923 van daardie gebied omskryf, en ook daardie gedeelte van genoemde gebied bekend as die Oostelike Caprivi Zipfel, waarna in artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), verwys word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Elfde dag van November Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

C. R. SWART.

BYLAE.

VOORWAARDES, WYSIGINGS EN UITSONDERINGS
OP DIE WET OP GEVANGENISSE, 1959 (WET
NO. 8 VAN 1959).

Tensy dit uit die samehang anders blyk, is die volgende wysigings van toepassing:—

1. Enige verwysing na „Kommissaris" of „Adjunk-kommissaris" is onderskeidelik 'n verwysing na die Sekretaris of die Ondersekretaris vir Suidwes-Afrika.

2. Enige verwysing na die „Departement van Gevangenis" of „Departement" is 'n verwysing na die Gevangenisafdeling van die Administrasie van Suidwes-Afrika.

3. Enige verwysing na „Goewerneur-generaal", „Minister van Finansies", „Sekretaris van die Tesourie" of „Minister" is 'n verwysing na die Administrateur van die Gebied Suidwes-Afrika.

4. Artikel *drie* word uitgelê asof subartikels (2) en (3) daarvan geskrap is.

5. Subartikel (1) van artikel *vier* word uitgelê om as volg te lui:—

„4. (1) Die Goewerneur-generaal kan van tyd tot tyd 'n offisier, wat as Adjunk-kommissaris van Gevangenis bekend staan, een of meer offisiere, wat as Assistent-kommissarisse van Gevangenis bekend staan, en sodanige ander offisiere as wat hy nodig ag, aanstel onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet."

6. Enige verwysing na die „Sekretaris van Gesondheid" is 'n verwysing na die Direkteur van Gesondheidsdienste van die Administrasie van Suidwes-Afrika.

7. Enige verwysing na die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), is 'n verwysing na die Naturelle (Stadsgebiede) Proklamasie, 1951 (Proklamasie No. 56 van 1951).

8. (a) Enige verwysing na „Unie" in artikel *vyf-en-twintig* en artikel *een-en-tagtig* is 'n verwysing na die Gebied Suidwes-Afrika.

(b) Enige verwysing na „Unie" waar dit vir die eerste keer voorkom in subartikel (2) van artikel *sewe-en-sestig* is 'n verwysing na die Gebied Suidwes-Afrika en die subartikel word verder uitgelê asof die voorbehoudsbepaling geskrap is.

9. Enige verwysing na die „Kinderwet, 1937 (Wet No. 31 van 1937)" is 'n verwysing na die Vroue en Kinderen en Onderhoud Ordonnansie, 1927 (Ordonnansie No. 16 van 1927).

10. Artikel *vyf-en-dertig* word uitgelê asof subartikel 4(a) geskrap is.

11. Enige verwysing na die „Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955)" is 'n verwysing na die Proklamasie op Strafproses en Bewyslewering, 1935 (Proklamasie No. 30 van 1935).

12. Any reference to the "Union Tender and Supplies Board" shall be construed to mean the South West Africa Administration Tender Board.

13. Any reference to the "Consolidated Revenue Fund" shall be construed to mean the Territory Revenue Fund of South West Africa established under section thirty-six of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925).

12. Enige verwysing na die Unieraad vir Tenders en Leweransies is 'n verwysing na die Tenderraad van die Administrasie van Suidwes-Afrika.

13. Enige verwysing na die „Gekonsolideerde Inkomstefonds" is 'n verwysing na die Inkomstefonds van die gebied Suidwes-Afrika, tot stand gebring ooreenkomstig artikel ses-en-dertig van die Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925 (Wet No. 42 van 1925).